SAKE 24 (Rapport)
Sunday, 12 September 2010, p. 9

Dié vruggebruik op eiendom eindig by dood of by verkoop

'n Leser, JMS van Grabouw, wil meer weet oor die hantering van vruggebruik in haar testament.

Haar suster is in 2004 oorlede en het 'n huis aan die leser se seun bemaak onderhewig aan vruggebruik deur die leser.

Sy en haar seun het ooreengekom om die huis te verkoop, dat die bedrag geld aan die seun betaal sou word en dat hy aan haar maandeliks rente op die geld sal betaal.

Sy wil 'n eie testament opstel op aandrang van haar seun, maar wil weet hoe om die kwessie van die vruggebruik te hanteer.

Verder wil sy weet of die boedel ingevolge art 18(3) van die Boedelwet (66 van 1965) afgehandel kan word. Voordat ons die testament en die vruggebruik bespreek, kom ons kyk eers na artikel 18(3) van die genoemde wet. Dit bepaal onder meer dat jurisdiksie ten opsigte van die boedel van 'n oorledene lê by die meester van die hooggeregshof in daardie gebied.

Die meester het ingevolge die wet ook die gesag om 'n aangewese eksekuteur goed te keur of af te wys. Ek noem juis hierdie mag van die meester omdat min mense besef dat die aanwysing van 'n eksekuteur in 'n testament nie 'n uitgemaakte saak is nie.

Wat art 18(3) betref, magtig dit die meester om in die geval van klein boedels af te sien van die aanstelling van 'n eksekuteur. Hy reik dan 'n brief uit wat die proses van afhandeling baie eenvoudiger maak. Die bedrag waaronder dit gedoen kan word, word van tyd tot tyd in die *Staatskoerant* aangekondig en tans staan dit op R125 000.

Wat betref die testament en die vruggebruik: As ek reg aflei uit die leser se brief, het sy lewenslange vruggebruik ontvang op 'n bate wat aan haar seun bemaak is. Die eiendom behoort nie aan haar nie, maar aan haar seun. Sy het gebruikreg, hy het net besitreg. Terloops, die verpligting is op haar as vruggebruiker om die eiendom by die beeindiging van die vruggebruik in dieselfde toestand as wat sy dit ontvang het, aan die uiteindelike eienaar terug te besorg. Lewenslange vruggebruik eindig by dood. Dit verval. Al wat effektief gebeur, is dat die beswaring van die vruggebruik op die eiendom tot 'n einde kom en die seun nou sit met die volle bate, besitreg én gebruikreg.

Let daarop dat die waarde van die vruggebruik as 'n bate in 'n mens se boedel ingesluit word en onderhewig is aan boedelbelasting. Die waarde word volgens 'n sekere formule bepaal en die opstel van die testament het baie te doen met die berekening van die waarde van die vruggebruik wat eindig – een van baie redes waarom ek altyd waarsku teen goedkoop of gratis testamente.

In dié geval is die hele kwessie van die vruggebruik in haar testament nie ter sake nie, as ek reg aflei, want sy en haar seun het reeds die eiendom aan iemand anders verkoop. Tensy dit spesifiek onderhewig aan haar vruggebruik verkoop is (wat ek betwyfel), het hulle die vruggebruik ook verkoop en bestaan dit reeds nie meer nie.

Kortom, sy het geen sê meer in haar testament oor die verdere vruggebruik nie. Dit eindig by haar dood, as sy nie reeds met die verkoop van die huis daarvan afstand gedoen het nie.

■ *Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000.*